

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieksoorte soos volg:

BYLAAG A:	VRAAG 1	OPSTEL
BYLAAG B:	VRAAG 2.1	HULDEBLYK
	VRAAG 2.2	DIALOOG
	VRAAG 2.3	RESENSIE
	VRAAG 2.4	INFORMELE BRIEF
BYLAAG C:	VRAAG 3.1	PLAKKAAT
	VRAAG 3.2	DAGBOEKINSKRYWINGS
	VRAAG 3.3	INSTRUKSIES


2. Bestudeer en bespreek die rubrieksoorte baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieksoorte ingesluit is.
3. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordboek na die senior nasiener verwys. Die leerder moet volgens die rubrieksoorte baie laag op inhoud aangeslaan word.
4. Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.
5. Indien 'n skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflass** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die leerder **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflass**. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste kode.
6. Die nasiener moet die voorgeskrewe nasiensimbole (bl. 3) gebruik by die nasien van 'n skryfstuk. Om net strepe te trek is ONAANVAARBAAR.
7. By skryfstukke wat te lank is, word die maksimum lengte nagesien en 'n streep deur die res getrek. Dan word die leerder nie verder vir lengte gepenaliseer nie. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die leerder hom-/haarself.
8. **VRAAG 1.6:**
- Die titel en die visuele prikkel behoort by mekaar aan te sluit.
 - Indien die titel nie by die visuele prikkel pas nie, maar die inhoud spreek steeds die visuele prikkel aan, word die titel geïgnoreer.
 - Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredeneerd of argumenterend wees. Die prente dien slegs as prikkels.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION	
2014 -11- 27	
PRIVATE BAG X 110 P.O. BOX 06001	
PUSLIC EXAMINATIONS	

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort deur die onderskeie provinsies gebruik te word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	() →	Hakies en pyltjie
Spelfout	=	Twee kort streepies onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Paragraaf is een lang, lomp sin	[Begin van 'n nuwe sin
Woorde uit ander/*nie-funksionele/vreemde woorde *Standaardafrikaans bly die norm. Gebruksafrikaans moet vermy word. Aanvaar terminologieterme waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie. Aanvaar ook gemotiveerde Afrikaanse streekswoorde/streekuitdrukings.	X	Trek 'n X bo die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓ (bo die woord)	Regmerkie bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukings.
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	ſ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgefлns uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Puntuasie	○	Omkring




NEERSKRYF VAN PUNTE

- Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
- Assesseer die leerder se skryfstukke na aanleiding van die **vyf KATEGORIEË** volgens:
 - AFDELING A: **INHOUD en BEPLANNING** (30 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (15 punte) en **STRUKTUUR** (5 punte).
 - AFDELING B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (18 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte).
 - AFDELING C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (12 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (8 punte).
- Evalueer eers hoe **UITSONDERLIK**, **GEMIDDELD** of **ONVOLDOENDE** die leerder se skryfstuk is, byvoorbeeld uit die punt 24–30 uit 30 vir **INHOUD** en **BEPLANNING** moet die nasienier kan assesseer watter punt die skryfstuk verdien. Skryf net **EEN** punt neer.
- Hou die **persentasies** by die kategorieë in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.

5. Skryf die punte soos volg neer:

AFDELING A	Kode	Punt
I/B	Knap	22
T/S/R	Uitsonderlik	12
S	Knap	4
TOTAAL:		38

AFDELING B	Kode	Punt
I/B/F	Gemiddeld	11
T/S/R	Elementêr	6
TOTAAL:		17



TAALVAARDIGHEID: SKRYF EN AANBIED


Hierdie memorandum moet saam met die aangehegte Afrikaans EAT-assesseringsrubriek vir AFDELINGS A, B en C gebruik word.

LET WEL: Leerders word nie addisioneel gepenaliseer vir afwykings nie, want die rubriek maak daarvoor voorsiening.

AFDELING A: OPSTEL**1.1 Dit het my lewe verander.**

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied, byvoorbeeld verhalend/beskrywend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsveldde word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltypes:
 - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van daardie gebeure of item wat sy/haar lewe verander het. Die leerder kan vertel hoe dit vóór en ná die gebeure was. Dit moet duidelik uit die verhaal blyk dat daardie gebeure/item die leerder se lewe verander het. Die verandering kan ten goede of ten kwade wees.
 - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse hierdie gebeure/item en dan die verandering wat dit bring het. Die leerder kan ook konsentreer op 'n beskrywing van die emosies en gevolge van hierdie (goeie of slegte) verandering a.g.v. die gebeure/item.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder oor **hoe goed/sleg** die verandering/e was. Dis belangrik dat die uiteinde van die bespiegeling by die onderwerp aanpas, naamlik dat die leerder besef die gebeure/item het sy/haar lewe verander.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder oor die impak van die gebeure/item op sy/haar lewe. Was dit goed/was dit sleg? Die leerder moet dan egter by die onderwerp van hierdie opstel uitkom, naamlik die gebeure/item het sy/haar lewe verander.
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af die onderwerp van die opstel as standpunt, naamlik die gebeure/item het sy/haar lewe verander. Die leerder gee nou redes vir hierdie standpunt. Hy/Sy noem die verandering/e wat plaasgevind het om so 'n standpunt te regverdig.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die "dit" in die onderwerp kan 'n gebeurtenis/se /n persoon se invloed of 'n item wees.

[50]



1.2 My grootste liefde


- Die leerder kan enige soort opstel aanbied, byvoorbeeld verhalend/beskrywend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsveld word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltypes:
 - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse wie/wat sy/haar grootste liefde is. Die leerder kan konsentreer op 'n duidelike beskrywing van sy/haar grootste liefde.
 - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van wie/wat sy/haar grootste liefde is. Dit moet duidelik uit die verhaal blyk wie/wat die leerder se grootste liefde is. Hier kan die leerder verras met 'n vertelling van die grootste liefde, net om in die slot aan te dui dat dit toe nooit die grootste liefde was nie.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder wie/wat sy/haar grootste liefde is/gaan wees.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die grootste liefde mag iemand of iets wees.

[50]

1.3 Deur my venster sien ek ...

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied, byvoorbeeld verhalend/beskrywend/bespiegelend.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsveld word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltypes:
 - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder oor wat hy/sy deur sy/haar venster sien.
 - **Verhalende opstel:** Hier vertel die leerder op 'n interessante wyse van wat hy/sy deur sy/haar venster sien.
 - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse wat hy/sy deur sy/haar venster sien.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie onderwerp kan vanuit 'n letterlike of figuurlike oogpunt benader word.

[50]



1.4 Sê NEE!

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied, byvoorbeeld **beredeneerd/ argumenterend/verhalend/beskrywend/ bespiegelend**.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonheidstipes en belangstellingsveld word in ag geneem.
- Hierdie opstel leen hom die beste tot die volgende opsteltypes:
 - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder waarom/waarvoor/hoe/ens. daar NEE gesê word. Hierdie opstel moet uitkom by die onderwerp, naamlik Sê NEE!
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af die onderwerp as standpunt, naamlik waarom/waarvoor/hoe/ens. daar NEE gesê word.
 - **Verhalende opstel:** In 'n verhalende opstel vertel die leerder 'n interessante storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). In hierdie opstel moet die leerder duidelik vertel waarom/waarvoor/hoe/ens. daar NEE gesê is.
 - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse waarom/ waarvoor/hoe/ens. daar NEE gesê word.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder waarom/ waarvoor/hoe/ens. daar NEE gesê word.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hier mag die leerder
 - (i) oor die beginsel uitbrei, byvoorbeeld jy moet kan NEE sê.
 - (ii) spesifiek noem waarvoor jy NEE moet sê.

[50]

1.5 Is familie belangriker as vriende?

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied, byvoorbeeld argumenterend/ beredeneerd/verhalend/beskrywend/bespiegelend.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonheidstipes en belangstellingsveld word in ag geneem.
- Hierdie onderwerp leen hom die beste tot die volgende opsteltypes:
 - **Argumenterende opstel:** Hier neem die leerder reg van die begin af die onderwerp as standpunt, naamlik familie is belangriker as vriende of andersom.
 - **Beredeneerde opstel:** Hier redeneer die leerder in 'n gebalanseerde opstel dat familie belangriker as vriende is en andersom. Hier mag die leerder uiteindelik in sy/haar gevolgtrekking aansluit by die onderwerp, naamlik dat familie belangriker as vriende is of andersom.
 - **Bespiegelende opstel:** Hier bespiegel/wonder/oorweeg die leerder of familie belangriker as vriende is of nie.
 - **Verhalende opstel:** In 'n verhalende opstel vertel die leerder op 'n interessante wyse waarom familie belangriker as vriende is of andersom.
 - **Beskrywende opstel:** Hier beskryf die leerder op 'n lewendige wyse waarom familie belangriker as vriende is of andersom.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.6 VISUELE PRIKKELS

- Die inhoud van die opstel moet by die visuele prikkel pas. Die nasienaar moet onthou dat, alhoewel hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies, die opstel direk by die prikkel moet aansluit. Die leerder se perspektief moet by assessering oorweeg word.
- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die leerder verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie**. 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsveldde word in ag geneem.

1.6.1 Prentjie: (Ou) skoene

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Skoene vertel 'n storie, die einde van 'n staptog, ens.
Figuurlike interpretasie: Kan idiomaties gebruik word, bv. om in iemand anders se skoene te staan.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

1.6.2 Prentjie: Vuurwerke

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Vuurwerkvertoning, feesvieringe, dieremishandeling, ens.
- Figuurlike interpretasie: Kan idiomaties gebruik word, bv. moeilikheid, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.


[50]

1.6.3 Prentjie: Mandela/ou man en kind

- Die leerder kan enige soort opstel aanbied.
- Letterlike interpretasie: Mandela, Mandela se liefde vir kinders, ens.
- Figuurlike interpretasie: Versoening, liefde, vergifnis, ens.
- Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie.

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50



2014 -11- 27

PRIVATE EXAMINATIONS

PUPILS EXAMINATIONS

[30]

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**2.1 HULDEBLYK****FOKUS**

Die leerder lewer tydens 'n familiebyeenkoms 'n **huldeblyk** oor sy/haar oupa/ouma.

VEREISTES

- Die huldeblyk word oor die oupa/ouma gelewer.
- Die huldeblyk begin met die groet van die aanwesiges op 'n gepaste wyse, byvoorbeeld Geagte ...
- Die volgende besonderhede van die oupa/ouma kan gegee word: naam en van, ouderdom, datum van afsterwe, oorsaak van dood, prestasies of hoogtepunte van die oupa/ouma se lewe, staaltjies oor die oupa/ouma en persoonlike herinneringe.
- Die doel van die huldeblyk is om die oupa/ouma se lewe te vereer en om die betekenisvolle bydrae wat hy/sy gelewer het, uit te lig.
- Die gehoor moet 'n geheelbeeld van die oupa/ouma kry.
- Die familie word ook vertroos. Hierdie gedeelte word in die teenwoordige/toekomende tyd geskryf.
- Die huldeblyk word in die verlede tyd geskryf wanneer daar na die oupa/ouma verwys word.
- Die taal, styl en register is formeel.
- Die toon is versagtend, liefdevol, vertroostend, bemoedigend en taktvol van aard.
- Kultuurkontekste moet in ag geneem word.

FORMAAT**Opskrif**

Die huldeblyk mag 'n opskrif en sub-opskrif insluit.

Inleidende paragraaf

Die huldeblyk word met die groet ingelui en die aanwesiges se aandag word vasgevang. Die inleiding moet oor die verering van die oupa/ouma se lewe gaan. Die inleidende sin is baie belangrik.

Paragraaf 2 en verder

Die huldeblyk sluit verskillende hoogtepunte in wat persoonlike gebeure en staaltjies van die oupa/ouma se lewe bevat. Dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit/gedagte.

Slotparagraaf

In die slot kan die spreker ook vir die familie sterkte toewens.

Die huldeblyk hoef nie in paragrawe te wees nie, maar die aanhef, liggaam en slot moet duidelik blyk.

2014 -11- 27

PRIVATE Sector 110
PRIVATE Sector 110**VOORBEELD****Jan Pienaar: Voormalige burgemeester van eMnambithi**

Geagte familie en vriende, soos almal weet, was my oupa, Jan Pienaar, geliefd onder oud en jong. Hy het nie net 'n groot rol in ons familie gespeel nie, maar hy is ook vereer vir sy bydrae op verskillende gebiede.

Oupa se goeie humorsin was vir ons almal bekend. Wie sal ooit die poetse vergeet wat Oupa gebak het? Oupa het al ons neefs en niggies leer visvang. En ons ken daardie storie van die groot vis wat weggekom het!

Oupa was eMnambithi se voormalige burgemeester. Te danke aan hom is 'n nuwe laerskool gebou.

Oupa was 'n eerbare man. Hy was 'n geesdriftige vrywilliger by ons plaaslike kerk, veral tydens kerkselaars.

Familie en vriende, ons kan altyd vashou aan die herinneringe wat deel van ons geskiedenis sal bly. Oupa het ons vooruitgegaan, maar Oupa sal altyd in ons gedagtes bly.

(147 woorde)

2.2

DIALOOG

[30]

FOKUS

Die leerder verduidelik in dialoogvorm aan die verkoopsman waarom hy/sy die T-hemp teruggee.

VEREISTES

- Die dialoog se tema is die teruggee van 'n T-hemp weens ontevredenheid.
- Elke spreekbeurt dra by tot die doel van die dialoog.
- Die aanspreekvorm, taal en styl kan óf formeel (bv. Meneer/u) óf informeel (bv. naam/jy) wees.
- Die spreekbeurte volg op mekaar om 'n aaneenlopende gesprek te vorm.

FORMAAT

- Leerders mag 'n konteks skets voordat die dialoog geskryf word.
- Die name van die sprekers (leerder en verkoopsman) word netjies onder mekaar neergeskryf, teenaan die linkerkantlyn.
- Die naam van die leerder kan met "Ek" vervang word.
- Na elke naam is 'n dubbelpunt.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.
- Die spreekbeurte is in blokvorm.
- Ekstra inligting word tussen hakies direk voor die spreker se woorde geskryf of waar dit toepaslik is.

VOORBEELD

2014 -II- 27

Ek:	Goeiemôre, Meneer. XXX	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Verkoopsman:	(Met 'n glimlag) Goeiemôre. Waarnee kan ek help?	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Ek:	Verlede week het ek 'n langmou T-hemp hier gekoop. Ongelukkig is die linkermou korter as die regtermou. XXX	
Verkoopsman:	Wanneer het u besef dat die een mou korter is? Het u nie eers die T-hemp aangepas nie? Mag ek die T-hemp sien?	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Ek:	Sekerlik! As u my nie glo nie, kyk self! XXX	
Verkoopsman:	(Terwyl hy na die T-hemp kyk) Niemand het voorheen oor hierdie T-hemde gekla nie. (Huiwerig) Meneer, is daar nie dalk iets verkeerd met u een arm nie?	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Ek:	(Vererg) Bedoel u dat ek gebreklik is? Ek wil onmiddellik met die bestuurder praat!	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Verkoopsman:	Nee ... nee ... dis nie nodig nie. (Kyk vinnig na die T-hemp) Ja, wraggies! Hier is definitief iets fout met die T-hemp. Ek sal dit terugneem en die volle bedrag terugbetaal.	REF ID: P0001000 X110 P001000A004
Ek:	Baie dankie, Meneer. XXX	
Verkoopsman:	Meneer, u is 'n spesiale klant en ons maak staat op u volgehoue ondersteuning.	

(149 woorde)

2.3

RESENSIE

[30]

FOKUS

Die leerder skryf 'n **resensie** oor 'n eetplek waarin dit aanbeveel word of nie.

VEREISTES

- Hierdie resensie is 'n verslag waarin 'n eetplek beoordeel word.
- Die resensie moet die leser oortuig om die eetplek te ondersteun of nie.
- In hierdie resensie word die volgende aspekte aangeraak:
 - Die eetplek se sterk punte of/en swak punte en kenmerke ten opsigte van kos, diens, pryse en atmosfeer
 - Aanbevelings
- Die resensie word gewoonlik in die derde persoon geskryf om 'n mate van objektiwiteit te handhaaf.
- Kultuurverskille moet in ag geneem word.
- Die teenwoordige/verlede tyd word gebruik.
- Woorde wat op waardering en evaluering dui, moet gebruik word, byvoorbeeld: uitstaande, oulike, genot, opwindend, gesellige, uiterst aangenaam/onaangenaam, ens.

FORMAAT

- **Titel**
 - Die titel gee 'n aanduiding van die resensent se standpunt ten opsigte van die eetplek.
 - Die resensent se naam volg na die titel.
- **Paragraaf 1**
 - Die eetplek se naam (en die naam van die eienaar) word gegee.
- **Paragraaf 2 en verder**
 - Die eetplek se spyskaart, kos, diens, pryse en atmosfeer word beskryf.
 - Meer besonderhede oor die eetplek, bv. of die eetplek voorsiening vir gestremdes maak, word genoem.
- **Slotparagraaf**
 - Die resensent se laaste indrukke/gevolgtrekking/aanbeveling volg.

VOORBEELD**Pure Plesier by Pam se Pannekoekpaleis**

XXX

Resensent: Tina Mabaso (De Aar)

XXX

Pamela Pearson se oulike restaurant, Pam se Pannekoekpaleis, in De Aar se hoofstraat, is 'n moet-besoek-plek – nie net vir elke inwoner nie, maar ook vir toeriste.

XXX

Elke klant word persoonlik, met 'n gratis koppie koffie, deur Pam verwelkom. Die netheid binne en buite die restaurant, asook die goedversorgde tuine, lok klante via die rolstoelvriendelike oprit om deel te word van die geur van koffie en pannekoek.


XXX

Vriendelike kelners bemark die liplekker disse so effektief dat jy jou nie aan die pryse steur nie. Tog is die rekening uiteindelik 'n welkome verrassing, want die gevulde pannekoek is uiters bekostigbaar. Die rustige agtergrondmusiek dra tot die gesellige atmosfeer by.

XXX

Die besoek aan bogenoemde restaurant was uiters aangenaam en ek beveel die restaurant baie sterk aan.

(134 woorde)



2.4 INFORMELE BRIEF

[30]

FOKUS

Die leerder se maat se pa het sy werk verloor. Die leerder skryf 'n informele brief aan sy/haar maat om hom/haar te help om die situasie te hanteer.

VEREISTES

- Die brief is vrienekaplik. Die inhoud is persoonlik, openhartig, simpatiek en vriendelik van aard. Die taalgebruik en styl is informeel en gemaklik.
- Die leerder spreek die maat direk aan.
- Die brief moet die maat help om die situasie te hanteer.
- Die toon en woordkeuse moet by die vrienekap tussen die leerder en die maat pas.
- Vermy slordige taal, slengwoorde en sms-taal.

FORMAAT

Die formaat van die brief moet korrek wees:

Leestekens:

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

Die adres en datum:

- Die adres van die skrywer word regs, boaan in blokvorm geskryf.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
- **Toegewing:** 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.
- Die datum word voluit geskryf: 26 November 2014.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word.

Die aanhef, afsluiting en slot:

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kry 'n punt aan die einde.
- Daar word nie 'n reël tussen Jou maat en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing Jou maat voor die briefskrywer se naam is opsioneel.

Die paragrawe:

- 'n Reël word tussen paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, byvoorbeeld dat die briefskrywer gehoor het dat die maat se pa sy werk verloor het.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die briefskrywer help sy/haar maat om die situasie te hanteer.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat.

DEPARTMENT OF BASIC

EDUCATION

2014 -11- 27

PRIVATE BAG X110
PRETORIA 0001

TELEGRAMS AND FAXES

Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

Voorbeeld van die briefskrywer se adres:

Kerkstraat 1 Uitbreiding/Voorstad Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 342 Pleknaam Kode	Plot 588 Pleknaam Kode
Rusthof Pleknaam Kode	Sewende laan 10 OF Sewende Laan 10 Westdene Kode		


Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia straat** is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (AWS, 2009 bl.121)

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

VOORBEELD	DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION	
XXX Lieve Marie XXX	2014 -11- 27 PRIVATE BAG X 110 PRETORIA 0001 PUBLIC EXAMINATIONS	Posbus 198 Harrismith 9880 26 November 2014
<p>Ek is jammer om te hoor dat jou pa sy werk verloor het. Ons het mos verlede jaar deur dieselfde krisis gegaan.</p> <p>XXX</p> <p>Ek het gedink dit kan help as ek noem hoe julle as gesin dit vir jule self makliker kan maak.</p> <p>XXX</p> <p>Eerstens moet julle kyk na maniere om geld te bespaar. Ons het byvoorbeeld skool toe begin stap, eerder as dat my ma ons met die motor moes neem. Ons het ook nie meer by die snoepwinkel kos gekoop nie. Gedurende die dag het ons die warmwatersilinder by die huis afgeskakel.</p> <p>XXX</p> <p>Verder kan dit help as jy dalk vir jou 'n deeltydse werk kan kry. Jou sussie kan miskien ook begin om saans ander mense se kinders op te pas.</p> <p>XXX</p> <p>Marie, onthou net: alles gebeur met 'n doel. Ons gesin het geleer om met minder tevrede te wees en vrede daarmee te maak.</p> <p>XXX</p> <p>Beste wense.</p> <p>XXX</p> <p>Jou maat</p> <p>Tshepo</p> <p>(150 woorde)</p>		

ONTLEDING VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3****3.1 PLAKKAAT****[20]****FOKUS**


Die leerder maak 'n plakkaat waarop hy/sy Afrikaans-ekstraklasse vir graad 8-leerders adverteer.

VEREISTES


- Hierdie plakkaat adverteer Afrikaans-ekstraklasse vir graad 8-leerders.
- Die plakkaat teiken spesifieker graad 8-leerders.
- Die plakkaat moet die nodige inligting verskaf. Die vrae wanneer?, wat?, waar?, hoeveel kos dit? en vir wie? moet beantwoord kan word.
- Hierdie plakkaat berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
 - Die plakkaat moet 'n leser se **aandag trek** deur verskillende lettertipes en lettergroottes te hê.
 - Die leser se **belangstelling** moet gewek word deur middel van interessante inhoud en uitleg.
 - Hierdie plakkaat moet 'n **begeerte** by die leser wek om ekstraklasse by te woon en sodoende sy/haar Afrikaans te verbeter deur middel van inligting soos die vaardighede wat onderrig word, speletjies, kompetisies, ens.
 - As die plakkaat in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan deur vir die ekstraklasse te regstreer.

FORMAAT

- Die volgende inligting moet op die plakkaat verskyn:
 - Wie is die teikengroep?
 - Wat word aangebied? (verkieslik in groot druk)
 - Wanneer (dag, datum en tyd) word ekstraklasse aangebied?
 - Waar word die ekstraklasse aangebied?
 - Wie bied die ekstraklasse aan?
 - Wat behels die leerplan?
 - Hoeveel kos die ekstraklasse?
 - Hoe kan die teikengroep daarby baat?
 - Kontakbesonderhede



VOORBEELD

AFRIKAANS-EKSTRAKLASSE	Wat?
VIR GRAAD 8-LEERDERS	Teikengroep
HET JY DIT NODIG? ENIGEEN IS WELKOM!!!	Deur wie?
Ekstraklasse in skryfwerk, taal en letterkunde deur twee deskundige matrikulante! VRA MAAR HUL ONDERWYSERS!	Wie vind baat?
Wil jy vlot en met selfvertroue in Afrikaans kommunikeer? BEGIN DUS VROEG DIE REËLS LEER	Wanneer?
DATUM: Vanaf 02 Februarie 2015 ELKE SATERDAG	Tyd
TYD: 08.00 - 10.00	Waar?
PLEK: Hoërskool Brandwag	Koste
KOSTE: Net R50 per les	Leerplan
LESSE SLUIT DIE VOLGENDE IN:	Kontak- besonderhede (87 woorde)
	
Skakel Ziyad (082 715 1371) vir verdere besonderhede.	

3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

[20]

FOKUS

Die leerder verwoord sy/haar gevoelens in **dagboekinskrywings** oor die besoek aan die dokter.

VEREISTES

- Die dagboek is 'n informele skryfstuk gerig op die gevoelens oor die besoek aan die dokter.
- Gevoelens/ervarings wat beleef word, word beskryf.
- Die dagboekinskrywings word in die eerste persoon geskryf.
- Plekke, familie en vriende word op die naam genoem.
- Die inhoud ondersteun die leerder se gevoelens oor die besoek aan die dokter.

FORMAAT

- Die dagboekinskrywings moet die dae en/of datums boaan geskryf hê.
- Die leerder moet dagboekinskrywings vir twee dae maak.
- Die leerder hoef nie met "Liewe Dagboek" te begin nie.
- Die uiteensetting van elke inskrywings mag in paragraafvorm wees.

VOORBEELD

15 November 2014 (of aan regterkant van die bladsy)

Lieve Dagboek (opsioneel)

XXX

Ek is so bang. Môre het ek 'n afspraak by die dokter oor daardie vreemde knoppie aan my been. En my ma bly sanik oor kanker! Waarom kan sy my nie net uitlos nie?


16 November 2014 (of aan regterkant van die bladsy)

Lieve Dagboek (opsioneel)

XXX

Sjoe! My ma het soos gewoonlik onnodig die bobbejaan agter die berg gaan haal. Ek het mos gesê dit is sommer niks nie, maar sy wou my nie glo nie. Eintlik is ek nou baie bly ek het nie aan haar erken dat ek ook maar 'n klein bietjie bang was nie!

(89 woorde)



3.3

INSTRUKSIES

[20]

FOKUS

Die leerder gee instruksies hoe sy/haar maat wat 'n swak verhouding met sy/haar ouers het, 'n beter verhouding met hulle kan hê.

VEREISTES

- Die instruksies moet maklik verstaanbaar uiteengesit word.
- Die inligting is bedoel om leiding te gee ten opsigte van die verbetering van die maat se verhouding met sy/haar ouers.

FORMAAT

- Die uiteensetting kan soos volg aangebied word:
 - Puntsgewys
 - Reëls tussen-in oopgelaat
 - Ander aanduiders soos koeëlpunte
- Die skryfstuk kan 'n opskrif hê, bv. Hoe om 'n beter verhouding met jou ouers te hê.
- Die instruksies moet in volsinne aangebied word. Die sinne kan met werkwoorde begin.


VOORBEELED**INSTRUKSIES****Hoe om 'n beter verhouding met jou ouers te hê.**

1. Skenk aandag aan wat jou ouers sê.
2. Behandel hulle met respekte – hulle het jou immers gebring tot waar jy vandag is.
3. Neem ook jou ouers se gevoelens in ag.
4. Moenie dink alles draai om jou nie; doen ook jou deel van die huistake.
5. Gebruik die korrekte aanspreekvorm as jy met jou ouers praat.
6. Laat weet jou ouers altyd waar jy is – dit is net goeie maniere.
7. Moenie hulle kritiseer nie, selfs al dink jy hulle weet nie alles nie.

(80 woorde)

ONTLEIDING VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die leerder verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsveld word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING C: 20


OPSOÖMING VAN DIE VRAE IN VRAESTEL 3:
November 2014

SKRYF	TIPE	SKRYFSTUK	OPSTEL	SPECIFIEKE DOELSTELLINGS
AFDELING A VRAAG 1				Met hierdie vraestel moet getoets word of die spesifieke doelstellings vir die aanleer van Eerste Addisionele Taal bereik is. Dit toets of die leerders:
1.1	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (v)		i. taalvaardighede verwerf het wat nodig is om akkuraat en gepas te kommunikeer, met inagneming van die teikengroep, doel en konteks;
1.2	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		ii. met vertroue en genot kan skryf/aanbied;
1.3	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		iii. eie idees, sienings en emosies, skrifteliks en met vertroue kan uitdruk en regverdig ten einde selfstandige en analitiese denkers te word;
1.4	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		iv. die addisionele taal en verbeelding kan gebruik om menslike ervarings uit te beeld en te werken sodat hulle hul eie ervarings en bevindinge oor die wêreld skriftelik kan uitdruk;
1.5	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		v. die addisionele taal kan gebruik om inligting te verkry en te bestuur vir leer oor die kurrikulum heen en in 'n wye verskeidenheid ander kontekste;
1.6.1 – 1.6.3	Al vyf tipes	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		vi. die addisionele taal kan gebruik as 'n instrument vir kritiese en kreatiewe denke; opinies oor etiese kwessies en waardes kan uitdruk; krities in interaksie kan tree met 'n wye verskeidenheid tekste; perspektiewe, waardes en magstydhouings in tekste kan herken en bevaagteken.
AFDELING B VRAAG 2	LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE			
2.1	Huldeblyk	(i) (ii) (iii) (iv) (v) (vi)		
2.2	Dialoog	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		
2.3	Resensie	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		
2.4	Informele brief	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		
AFDELING C VRAAG 3	KORT TRANSAKSIONELE TEKS			
3.1	Plakkaat	(i) (ii) (iii) (iv) (v) (vi)		
3.2	Dagboekinskrywings	(i) (ii) (iii) (iv) (vi)		
3.3	Instruksiess	(i) (ii) (iii) (iv) (v) (vi)		
15 onderwerpkeuses	12 tipes skryfstukke			

Lekker tyd vir ons om te werk!
Praktiese gevare nie!
Praktiese gevare nie!
Praktiese gevare nie!

2014 - 11 - 27

Praktiese gevare nie!

Praktiese gevare nie!

Praktiese gevare nie!

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

LET WEL:

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoogvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings verdeel.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende	
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewusstheid van doel, gehoor en konteks	Hoë vlak 30 PUNTE -Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting -idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke -Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	28–30 -Respons baie goed; getuig van vaardigheid -idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid -Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	22–24 -Respons baie goed; bewedigend samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	16–18 -Respons bewedigend samehangend en oortuigend -Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	10–12 -Wisselvallige samehang in respons -Idees onduidelik, nie oorspronklik nie -Min bewys van organisasie en samehang	4–6 -Respons heeltemal irrelevant -Idees delurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie -Vaag en herhalend -Geen organisasie nie en is onsamehangend
	25–27 Lae vlak	19–21 -Respons uitmuntend, maar uitsonderlik getuig van vaardigheid van 'n opstel ontbreek -idees intelligent en volwasse -Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	13–15 -Respons goed; interessant -Organisasie goed en samehangend, oortuigend -'n Mate van organisasie en samehang	7–9 -Respons is grootliks irrelevant. -Idees begin los staan en kan verwarrend wees -Skaars 'n bewys van organisasie en samehang	0–3 -Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie -Heeltemal irrelevant en ontoepaslik -Deurmekaar en geen fokus nie	
					2014 – 1 – 27 PAPER 1 Grade 12 Afrikaans First Additional Language National Senior Certificate NSC	

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL (AFDELING A) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [50 PUNTE] (vervolg)

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende	
TAAL, STYL & REDIGERING		14–15	11–12	8–9	5–6	
Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks;	Hoë vlak	-Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend -Toon retories treffend en effektiel -Grammatika en spelling feitlik foutvry -Knap gedaan	-Toon, styl, register en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks -Taalgebruik effektiel en 'n deurlopende gebruik -Grammatika en spelling grootliks foutvry -Baie goed gedaan	-Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks -Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra -Toon is gepas -Retoriiese middele gebruik om betekenis te versterk	-Taal onverstaanbaar en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie -Taalgebruik baie basies -Toon en woordkeuse skaars toepaslik -Baie beperkte woordeskat	-Taal onverstaanbaar en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks -Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
15 PUNTE		13	10	7	4	
Lae vlak	-Taalgebruik uitstekend en toon is retories effekief -Grammatika en spelling feitlik toutvry -Baie goed tot knap gedaan	-Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effekief -Toon gepas en effekief -Enkele foute in grammatika en spelling -Goed gedaan	-Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk -Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriiese middele	-Taalgebruik onvoldoende -Weinig indien enige sinsverskeidenheid -Woordeskat baie beperk		
STRUKTUUR		5	4	3	2	
Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie	-Uitstekende ontwikkeling van onderwerp -Uitsonderlike detail -Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	-Logiese ontwikkeling van details -Samehangend logies en toon variasie	-Relevante detail ontwikkel -Sinne en paragrawe goed gekonstrueer -Opstel maak nog effens sin	-Sommige punte geldig -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nog sin nie	-Noodsaaklike punte ontbreek -Sinne en paragrawe foutief -Opstel maak nie sin nie	
VERSPREIDING VAN PUNTE		43–50	33–40	23–30	13–20	
					0–10	

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING B) – EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
Inhoud, beplanning & formaat	15–18	11–14	8–10	5–7	0–4
Respons en idees; Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks	-Respons uitsonderlik, boer verwagting -Idees intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Skryfwerk behou fokus -Samehang in inhoud en idees -Samehang in inhoud en idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akkurate formaat	-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste formaat met onbeduidende foute -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute -Kritiese foute begaan	-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Somlike detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie taegepas nie -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie -Betekenis onduidelik met groot afwyking in idees en inhoud nie -Baie min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie taegepas nie -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan
18 PUNTE	10–12	8–9	6–7	4–5	0–3
Taal, styl & redigering	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks: -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos -Baie goeie woordeskat -Oorwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Voldoende woordeskat -Foute belemmer nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatafoute -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Besaai met foute en verward	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Besaai met foute en verward	-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie -Woordeskaf nie geskik vir doel nie -Betekenis ernstig belemmer
12 PUNTE	25–30	19–23	14–17	9–12	0–7
verspreiding van punte					

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE (AFDELING C) – EERSTE ADDISIONELE TAAI [20 PUNTE]				
Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr
	10–12	8–9	6–7	4–5
INHOUD, BEPLOANNING & FORMAAT	-Respons uitsonderlik, bo verwagting -Idees intelligent en volwasse -Grondige kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed fokus -Samehang in inhoud en idees -Samehang in inhoud en idees -Gepaste formaat met detail wat die onderwerp onbeduidende foute. -Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akurate formaat	-Respons baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks -Behou fokus – geen afwyking nie -Samehang in inhoud en idees; baie goed fokus -Samehang in inhoud en idees -Gepaste formaat met detail wat die onderwerp onbeduidende foute. -Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun -Gepaste en akurate formaat	-Respons voldoende en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks -Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings -Redelike samehang in inhoud en idees -Sommige detail ondersteun die onderwerp -Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute -Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas -Kritiese foute begaan	-Basiese respons toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks -Aanduiding van fokus, maar met afwykings -Inhoud en idees nie altyd samehangend nie -Min detail ondersteun die onderwerp -Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & REDIGERING	-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer -Feitlik foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer -Baie goeie woordeskat -Onwegend foutloos	-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks -Enkele grammatafoutte -Voldoende woordeskat -Foute betekenis nie betekenis nie	-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks -Grammatika onakkuraat met etlike foute -Basiese woordeskat -Beteckenis belemmer
8 PUNTE	17–20	13–15	10–12	7–8
VERSPREIDING VAN PUNTE				0–5